



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

Elektroniese kommunikasiebeleid

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Om 'n raamwerk te skep waarbinne die Universiteit se Elektroniese Kommunikasiefasiliteite gebruik kan word.
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	12/1/2003
Implementeringsdatum:	01/12/2003
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹:	Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies
Beleidkurator²:	Senior Direkteur: Informasietegnologie
Sleutelwoorde:	Elektroniese Kommunikasie
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIEBELEID

1 Desember 2003

INDEKS	Bladsy
1. Inleiding	3
2. Aanvaarbare en onaanvaarbare gebruik	4
3. Gebruiker se verantwoordelikhede	6
4. Die EKB en die reg op privaatheid	7
5. Onderskeppingsbeheer	9
6. Gevolge van oortreding	11
7. Koste	12
8. Vrywaring	12
9. Wysiging van EKB	13
Addendum A	14
Addendum B	16

Woorde wat in Addendum A as woordskrywings gedefinieer is, is in hierdie EKB in blou gedruk en onderstreep. Vir die volledige woordskrywings, verwys asseblief na Addendum A. Vir aanhalings uit wetgewing, verwys asseblief na Addendum B. Vir die volledige teks van die betrokke wet, klik op die verwysing daarna.

OPMERKINGS AANGAANDE GEWYSIGDE WETGEWING

Die kwessie van onderskepping en meeluistering van kommunikasies is in die verlede gereguleer deur die Wet op die Verbod op Onderskepping en Meeluistering, Wet No. 127 van 1992. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie is egter getaak met die verantwoordelikheid om ondersoek in te stel na die wysiging van gemelde wetgewing, ten einde te verseker dat hierdie wet voldoen aan toepaslike internasionale standaarde en die vereistes van die Grondwet.

In hierdie verband bepaal die Grondwet in Artikel 14(d) dat elke persoon die reg het op privaatheid van sy of haar kommunikasies. Soos met enige grondwetlike reg, is hierdie reg egter nie in alle omstandighede absoluut nie, aangesien Artikel 36 bepaal dat regte ingeperk mag word insoverre dit redelik en regverdigbaar is.

Die Regskommissie het gedurende November 1998 'n verslag gepubliseer waarin 'n aantal tekortkominge van die 1992-wet uitgewys is, spesifiek met betrekking tot omstandighede waarin onderskepping en meeluistering geoorloof was.

Gevolglik is die [Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasies en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting, Wet No. 70 van 2002](#), op 30 Desember 2002 goedgekeur. Alhoewel die datum van inwerkingtreding hiervan nog nie geproklameer is nie, sal dit na alle waarskynlikheid voor die einde van 2003 gedoen word.

Die 2002-wet bepaal in die breë dat onderskepping en meeluistering van kommunikasies nie mag geskied behalwe insoverre dit deur die voormelde wet gemagtig word nie. In hierdie verband verleen Artikels 5 en 6 'n uitdruklike magtiging ten opsigte van onderskepping en meeluistering insoverre partye daartoe toestem of dit verband hou met die bedryf van 'n besigheid, na gelang van die geval.

Artikel 6 bepaal spesifiek dat enigiemand in die loop van of die bedryf van enige besigheid, enige onregstreekse kommunikasie kan onderskep tydens die versending daarvan oor 'n telekommunikasie-stelsel –

- deur middel waarvan 'n transaksie aangegaan word in die loop van daardie besigheid;
- wat andersins op daardie besigheid betrekking het; of
- wat andersins plaasvind in die loop van die bedryf van daardie besigheid.

Die 2002-wet definieer “besigheid” op sodanige wyse dat die [Universiteit](#) se aktiwiteite daarby ingesluit is. Die [Universiteit](#) het dus 'n verantwoordelikheid om die huidige Elektroniese Kommunikasiebeleid te hersien ten einde voorsiening te maak vir die veranderde regulatoriese omgewing, en het gevolglik besluit om die proses van stapel te stuur om die bestaande beleid te hersien, asook sekere ander operasionele en privaatheidskwessies aan te spreek.

1. INLEIDING

- 1.1 Die gebruik van die [Universiteit](#) se Elektroniese Kommunikasiefasiliteite is onderworpe aan sy amptelike Elektroniese Kommunikasiebeleid (hierná die "EKB" genoem) soos hierin uiteengesit, en enige ander tersaaklike beleidsbepalings en prosedures van die [Universiteit](#) van tyd tot tyd. Indien 'n [Gebruiker](#) nie met hierdie beleid akkoord gaan nie, het hy of sy nie die reg om hierdie [Fasiliteite](#) te gebruik nie.
- 1.2 Vir die doel van die EKB word aanvaar dat 'n [Gebruiker](#) -
 - 1.2.1 vertrou is met die bepaling van Artikel 14(d) van die [Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No. 108 van 1996](#), wat die grondwetlike reg op privaatheid beskerm, en dat hy of sy dié belangrike bepaling ten volle verstaan (vir die volledige teks van Artikel 14(d), sien aangehegte Addendum B), en
 - 1.2.2 dus luidens Artikel 14(d) van die Grondwet en Artikel 5 van die [Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasies \(Wet No. 70 van 2002\)](#), daartoe toestem dat op die privaatheid van sodanige kommunikasies inbreuk gemaak mag word slegs insoverre die bepaling van hierdie EKB dit mag noodsaak en magtig (vir die teks van genoemde Art 5, kyk ook na Addendum B).
- 1.3 Die beleidsbepalings oor [Kommunikasies](#) soos in hierdie beleid vervat, en soos van tyd tot tyd in terme van paragraaf 9 gewysig, word deur verwysing by die [Universiteit](#) se diensvoorwaardes en/of die Studentereglement, na gelang van die geval, geïnkorporeer.

2. AANVAARBARE EN ONAANVAARBARE GEBRUIK

- 2.1 Die [Universiteit](#) laat redelike gebruik van al die [Universiteit](#) se [Fasiliteite](#) toe, met dien verstande dat die [Universiteit](#) hom uitdruklik die reg voorbehou (vir die doel van sy bedryfsbehoefte of soos deur wetgewing vereis) om:
- 2.1.1 die [Gebruiker](#) se toegang en/of gebruik van die [Fasiliteite](#) in hersiening te neem en waar nodig, na gelang van die graad van erns, te beperk of op te skort op grond van die nie-nakoming van die bepalinge van die EKB, en
 - 2.1.2 die onkoste wat tydens persoonlike gebruik aangegaan is, op aanvraag van die [Gebruiker](#) te verhaal, met dien verstande dat die onkoste vir alle gebruik deur 'n student van die student verhaal kan word in die afwesigheid van 'n ooreenkoms tot die teendeel.
- 2.2 Die [Gebruiker](#) mag nie die [Fasiliteite](#) gebruik -
- 2.2.1 om [Kommunikasies](#) te skep, te stuur of te berg wat volgens die oordeel van die [Rektor](#) of sy genomineerde redelikerwys as ontwrigtend, lasterlik, diskriminerend of seksueel teisterend teenoor ander persone beskou kan word of wat tot 'n vertroulikheidskending kan lei nie;
 - 2.2.2 op enige manier waardeur 'n ander persoon se persoonlikheidsregte of intellektuele eiendomsregte (byvoorbeeld outeursreg), geskend of aangetas word nie;
 - 2.2.3 om persoonlike inligting in besit van die [Universiteit](#) wat deur die gebruik van die [Fasiliteite](#) bekom is, van enige persoon sonder sy of haar toestemming aan 'n derde party bekend te maak of beskikbaar te stel nie;
 - 2.2.4 op enige manier waardeur na die oordeel van die [IT-verteenwoordiger](#) 'n onaanvaarbare las op of ontwrigting van die bedryf van die [Fasiliteite](#) gelê word nie, met inbegrip van maar nie beperk nie tot las of ontwrigting wat geskep word deur die koppeling aan die [Fasiliteite](#) sonder vooraf verkreeë toestemming van apparatuur of installasie van sagteware wat nie aan die [Universiteit](#) behoort nie;

- 2.2.5 om die bepalings van enige toepaslike telekommunikasielisensie of enige bepalings van toepaslike Suid-Afrikaanse wetgewing insake datavloei oor grense (byvoorbeeld wetgewing insake databeskerming, privaatheid, vertroulikheid en sekuriteit) te oortree nie;
- 2.2.6 om onwettig toegang te verkry tot die rekenaarnetwerk of enige elektroniese stelsel van die [Universiteit](#) of enige ander elektroniese stelsel of om te poog om onwettig toegang te verkry tot sodanige stelsel, of om ongemagtigde toegang tot enige persoon se rekenaar-, e-pos- of stemposfasiliteite of -toerusting te verkry of te poog om sodanige ongemagtigde toegang te verkry nie;
- 2.2.7 om enige ander toepaslike Suid-Afrikaanse wet, voorskrif of bepaling te oortree of te poog om dit te oortree nie;
- 2.2.8 om enige [Kommunikasie](#) wat nie vir die [Gebruiker](#) bedoel is nie, te bekom of te probeer bekom nie. Die [Gebruiker](#) mag veral nie enige [Kommunikasies](#) wat deur middel van die [Universiteit](#) se [Fasiliteite](#) of enige apparatuur wat aan die [Fasiliteite](#) gekoppel is, versend is of versend word, of wat daarop geberg word, probeer [Onderskep](#) of [Inspekteer](#) nie, tensy die inligting vir die [Gebruiker](#) bedoel is;
- 2.2.9 om die fisiese apparatuur en stelselkonfigurasies van die [Fasiliteite, te beskadig](#), te verander of te probeer verander nie, tensy daartoe gemagtig; en
- 2.2.10 op enige manier wat strydig is met die bepalings van paragraaf 3.3 oor die gebruik van wagwoorde nie.
- 2.3 Die [IT Verteenwoordiger](#) kan op skriftelike versoek enige [Gebruiker](#) op grond van 'n aanvaarbare motivering vrystel van enige beperking ingestel in terme van paragrawe 2.2.4, 2.2.6 en 2.2.9.

3. GEBRUIKER SE VERANTWOORDELIKHEDE

3.1 Die [Gebruiker](#) word verantwoordelik gehou -

3.1.1 om wagwoorde tot, en enige ander sekuriteitsverwante inligting oor, enige [Fasiliteit](#) wat toegang het tot die [Universiteit](#) se netwerk, ongeag of dit aan sodanige netwerk gekoppel is al dan nie, veilig te bewaar;

3.1.2 om redelike voorsorgmaatreëls, met inbegrip van die instandhouding van persoonlike wagwoorde en maatreëls vir lêerbeveiliging, te tref om die ongemagtigde gebruik van [Fasiliteite](#) deur ander persone te voorkom, en

3.1.3 om die [Fasiliteite](#) slegs vir die doel waarvoor die [Gebruiker](#) gemagtig is, te gebruik.

3.2 Die rapportering van sekuriteitsinsidente of netwerkswakhede

3.2.1 Dit mag gebeur dat die [Gebruiker](#) bewus word van 'n oortreding of vermeende oortreding van die sekuriteit ten opsigte van die [Universiteit](#) se [Fasiliteite](#). Gebruikers word aangemoedig om in elke geval van hierdie aard sodanige oortreding onverwyld aan een van die volgende persone of instansies te rapporteer:

3.2.1.1 die betrokke stelseladministrateur of RGA-bestuurder;

3.2.1.2 die IT-hulplyn, of

3.2.1.3 die [IT-verteenwoordiger](#) of sy of haar genomineerde.

3.3 Wagwoorde

3.3.1 Wagwoorde staaf die [Gebruiker](#) se identiteit in die elektroniese omgewing. Die [Gebruiker](#) se wagwoorde wat toegang verleen tot die [Fasiliteite](#) moet vertroulik bly.

- 3.3.2 In hoogs uitsonderlike gevalle, waar operasionele behoeftes dit noodsaak, kan groepsrekening en dienooreenkomstige wagwoorde geskep en gebruik word soos skriftelik deur die [IT-verteenwoordiger](#) vooraf goedgekeur. Die wagwoord tot sulke groepsrekening moet op hul beurt deur die partye wat wettig toegang daartoe het, vertroulik gehou word.
- 3.3.3 In die geval van individuele rekening mag die [Gebruiker](#) nooit en om geen rede iemand anders se wagwoord of gebruikersnaam gebruik nie, selfs nie met uitdruklike toestemming nie, met dien verstande dat 'n [Gebruiker](#) toegangsregte (sonder om enige wagwoorde te openbaar of beskikbaar te maak) aan 'n ander [Gebruiker](#) tot sy of haar elektroniese rekening mag verleen.
- 3.3.4 Die [Gebruiker](#) is daarvoor verantwoordelik om toegangssessies tot [Fasiliteite](#) af te teken, waar van toepassing, indien sodanige stelsels langdurig sonder toesig gelaat word. Indien die [Gebruiker](#) versuim om genoemde verantwoordelikheid na te kom, sal hy of sy verantwoordelik gehou word vir enige aktiwiteite wat as gevolg van sodanige versuim onder sy/haar gebruikersnaam plaasvind. Hierdie verdere verantwoordelikheid sluit in, sonder beperking, enige koste of skade wat uit genoemde aktiwiteite mag ontstaan.

4. DIE EKB EN DIE REG OP PRIVAATHEID

- 4.1 Die [Universiteit](#) respekteer die [Gebruiker](#) se reg op privaatheid soos dié reg deur die Grondwet gewaarborg word. In die konteks van die [Universiteit](#) se [Fasiliteite](#), wat verskaf word vir die doel van die [Universiteit](#) en [Gebruikers](#) se operasionele behoeftes, is beperkings op die [Gebruiker](#) se regte onder sekere omskrewe omstandighede egter onvermydelik, soos hierin vervat.
- 4.1.1 Die [Universiteit](#) sal redelikerwys poog om 'n gedetailleerde privaatheidsbeleid, wat onder andere die doel, omvang en perke van die [Universiteit](#) se gebruik en openbaarmaking van persoonlike inligting van [Gebruikers](#) sal reguleer, teen nie later nie as 1 Januarie 2006 in werking te stel.

- 4.1.2 Die huidige EKB sal, indien nodig, na inwerkingtreding van die privaatheidsbeleid hersien word.
- 4.1.3 Die [Universiteit](#) se kriteria ten opsigte van die toepassing van filtersagteware sal gepubliseer word.
- 4.2 Alle [Fasiliteite](#) in besit of onder beheer van die [Universiteit](#) is te alle tye vir die [Universiteit](#) redelikerwys toeganklik vir-
- 4.2.1 onderhoud;
- 4.2.2 opgradering;
- 4.2.3 stelselgedrewe moniteringsaksies ten einde die verlies van persoonlike data te bekamp of te minimeer; en
- 4.2.4 enige soortgelyke regmatige operasionele doeleindes, soos skriftelik vooraf deur die [IT-verteenwoordiger](#) goedgekeur.
- 4.3 Ofskoon die [Universiteit](#) die [Gebruiker](#) se reg op privaatheid, soos in paragraaf 4.1 hierbo uiteengesit, respekteer, moet die [Universiteit](#) sy kommunikasiestelsels bestuur en beskerm en derhalwe kan die persoon wat ooreenkomstig paragraaf 5 daartoe gemagtig is, sonder verdere kennisgewing aan die [Gebruiker](#) (maar onderworpe aan paragraaf 5) enige [Kommunikasie Onderskep](#), [Weier](#) of [Nagaan](#) ter uitvoering van die [Universiteit](#) se verantwoordelikheid vir die bedryf van sy [Fasiliteite](#). Sodanige optrede sal slegs op grond van een of meer van die volgende doeleindes in werking gestel word:
- 4.3.1 om te verseker dat die [Universiteit](#) se [Fasiliteite](#) nie strydig met paragraaf 2.2 gebruik word nie;
- 4.3.2 om die teenwoordigheid van onwettige materiaal of ongelisensieerde programmatuur te bepaal;
- 4.3.3 om stelselgedrewe anti-virusprogrammatuur te implementeer en stelsels ter hantering van gemorspos te installeer;

- 4.3.4 om misdaad te bekamp;
 - 4.3.5 met die oog op, vir gebruik tydens, of in reaksie op, regsdinge en/of hofbevele waarby die blootlegging van [Kommunikasies](#) redelikerwys nodig mag wees;
 - 4.3.6 met die oog op, vir gebruik tydens, of in reaksie op 'n dissiplinêre- en/of tugondersoek of –verhoor;
 - 4.3.7 om vas te stel of enige wetgewing of enige van die [Universiteit](#) se reglemente, beleide en/of gedragskodes oortree is of word, of
 - 4.3.8 om die [Universiteit](#) se regte en verpligtinge teenoor derde partye vas te stel en/of na te kom.
- 4.4 Die [Gebruiker](#) gee hiermee sy of haar uitdruklike toestemming aan die [Universiteit](#) om, slegs ooreenkomstig die bepalings van paragrawe 4.2 en 4.3, alle [Kommunikasies](#) te [Onderskep](#) en/of te [Weier](#) of [Na te gaan](#).
- 4.5 Die [Gebruiker](#) gee verder ook hiermee sy of haar spesifieke uitdruklike toestemming dat die [Universiteit](#) enige [Kommunikasie-gerwante Inligting](#) wat verband hou met 'n [Kommunikasie](#) wat regmatig [Onderskep](#), [Geweier](#) of [Nagegaan](#) mag word in terme van die EKB, mag openbaar maak vir die doeleindes van die gemelde gemagtigde [Onderskepping](#).

5. ONDERSKEPPINGSBEHEER

- 5.1 [Onderskepping](#) mag slegs deurgevoer word deur die [IT-verteenwoordiger](#) of deur persone wat van tyd tot tyd deur die [IT-verteenwoordiger](#) skriftelik daartoe gemagtig is.
- 5.2 Enige [Onderskepping](#) van die [Gebruiker](#) se [Kommunikasies](#) in verband met die nakoming van die Afdeling Informatietegnologie se plig om die doeltreffende en regmatige werking van die [Universiteit](#) se IT-infrastruktuur te verseker, is onderworpe aan die voorafgaande beoordeling en [skriftelike toestemming](#) van die [IT-verteenwoordiger](#). Dit kan die volgende behels:
 - 5.2.1 skandering vir virusse en ander skadelike programmatuur;

5.2.2 ondersoek na moontlike blootstelling aan sekuriteitsrisiko's; of

5.2.3 [Weiering](#) of [Onderskepping](#) van gemorspos.

5.3 Alle [Onderskepping](#) in verband met enige beweerde oortreding van:

5.3.1 Suid-Afrikaanse wetgewing;

5.3.2 die [Universiteit](#) se dissiplinêre kode en/of Studentereglement, na gelang van die geval;

of enige ander [Onderskepping](#) wat nie in terme van paragraaf 5.2 gemagtig kan word nie, is onderworpe aan die voorafgaande beoordeling en [skriftelike toestemming](#) van die [Regsadviseur](#) of sy of haar genomineerde: met dien verstande dat die [Regsadviseur](#) of sy of haar genomineerde oortuig is dat daar redelike gronde bestaan vir sodanige [Onderskepping](#). Die [Regsadviseur](#) moet by die beoordeling of 'n magtiging toegestaan moet word minder inbreukmakende alternatiewe tot [Onderskepping](#) oorweeg, indien beskikbaar.

5.4 Die [Regsadviseur](#) sal 'n register byhou van alle [Onderskeppings](#) deur hom of haar gemagtig in terme van paragraaf 5.3. Sodanige register sal onder meer die volgende besonderhede bevat:

5.4.1 besonderhede van die aansoeker;

5.4.2 die doel en omvang van die [Onderskepping](#);

5.4.3 die tydperk van [Onderskepping](#) wat nie langer as 90 kalenderdae sal wees nie, en

5.4.4 die name van die persone wat in terme van paragraaf 5.1 deur die [IT-verteenwoordiger](#) skriftelik gemagtig is om die [Onderskepping](#) uit te voer.

Dieselfde besonderhede sal ook in die magtiging waarna paragraaf 5.3 verwys, uiteengesit word.

- 5.5 Die [Regsadviseur](#) sal aan die [Rektor](#) 'n jaarlikse verslag voorlê aangaande statistieke van [Onderskeppings](#) wat gedurende die voorafgaande jaar deur hom of haar gemagtig is. Sodanige statistieke sal op 'n nie-persoonlik identifiseerbare wyse voorgelê word en sal ter insae by die Registrateur beskikbaar wees.
- 5.6 Enige inligting wat deur middel van [Onderskepping](#) verkry word, is vertroulik en mag slegs geberg en gebruik word vir die doeleindes waartoe die betrokke paragraaf of paragrawe die [Onderskepping](#) magtig.
- 5.7 Die [Regsadviseur](#) sal nadat 'n magtiging in terme van paragraaf 5.4 uitgereik is, die aangewese personeelverteenvoorder in die geval van 'n personeellid en studentevteenvoorder in die geval van 'n student, in kennis stel van die doel en omvang van die [Onderskepping](#), die tydperk van die [Onderskepping](#) en die aantal geleenthede waar 'n magtiging ten opsigte van die betrokke persoon verleen is. Die voormelde verteenwoordiger sal jaarliks skriftelik aangewys word deur die [Universiteit](#) se personeelverenigings en Studenteraad onderskeidelik. Die voormelde verteenwoordiger sal te alle tye die inligting aan hom of haar geopenbaar vertroulik hou en mag slegs sodanige inligting aan die Ombudsman of gemagtigde derde partye (bv in terme van 'n hofbevel) openbaar vir verdere ondersoek.

6. GEVOLGE VAN OORTREDING

Die oortreding van enige bepaling van hierdie beleid sal as wangedrag beskou word en kan een of meer van die onderstaande stappe tot gevolg hê:

- 6.1 die beperking, opskorting of beëindiging van die [Gebruiker](#) se toegang tot die [Fasiliteite](#), met inbegrip van die onmiddellike opskorting van sy of haar toegang of regte hangende verdere ondersoeke;
- 6.2 die inisiasie van geregtelike stappe deur die [Universiteit](#), met inbegrip van maar nie beperk nie tot kriminele vervolging ooreenkomstig toepaslike wetgewing soos van tyd tot tyd in Suid-Afrika mag geld; en
- 6.3 die neem van dissiplinêre of tugstappe teen die [Gebruiker](#) wat onder meer tot sy of haar skorsing of ontslag mag lei.

7. KOSTE

- 7.1 Die [Universiteit](#) verskaf sekere [Fasiliteite](#) teen vasgestelde tariewe, welke tariewe deur die [Gebruiker](#) betaal moet word (by die versuim van die tydigse betaling van sodanige tariewe deur die [Gebruiker](#) se department of afdeling). Deur aanvaarding van hierdie EKB:
- 7.1.1 magtig die [Gebruiker](#) die [Universiteit](#) om alle gelde wat deur die [Gebruiker](#) hiervoor betaalbaar is, van die [Gebruiker](#) te verhaal, en
- 7.1.2 onderneem die [Gebruiker](#) om op aanvraag die verskuldigde bedrag te betaal.
- 7.2 By versuim om enige verskuldigde bedrag op aanvraag te betaal, magtig die [Gebruiker](#) die [Universiteit](#) om die verskuldigde bedrag van sy of haar vergoeding te verhaal, of teen die [Gebruiker](#) se studenterekening te debiteer, na gelang van die geval.
- 7.3 Dit is die [Gebruiker](#) se eie verantwoordelikheid om voortdurend op die hoogte te wees van die koste van die gebruik van die [Fasiliteite](#), welke koste van tyd tot tyd aangepas kan word na redelike kennisgewing aan die [Gebruiker](#).

8. VRYWARING

- 8.1 Die [Gebruiker](#) vrywaar die [Universiteit](#) en dié se werknemers, agente en onafhanklike kontrakteurs, na gelang van die geval, teen enige verlies of skade deur hom of haar gely, met inbegrip van maar nie beperk nie tot die verlies van data of skade aan apparatuur of programmatuur, en die nie-beskikbaarheid van stelsels of kommunikasies. Hierdie vrywaring geld nie in gevalle waar growwe nalatigheid of opsetlikheid aan die kant van die [Universiteit](#) bewys kan word nie.
- 8.2 Die [Gebruiker](#) vrywaar die [Universiteit](#) en dié se werknemers, agente en onafhanklike kontrakteurs, na gelang van die geval, en stel hulle skadeloos ten opsigte van enige eise wat deur derde partye ingestel mag word as gevolg van 'n oortreding van die EKB deur die [Gebruiker](#).

9. WYSIGING VAN EKB

- 9.1 Hierdie beleid mag van tyd tot tyd gewysig word soos veranderende wetgewing, operasionele vereistes en/of ander relevante faktore mag vereis.
- 9.2 Die wysiging van hierdie beleid sal deur 'n *ad hoc*-forum wat verteenwoordigers van formele werknemers- en studenteliggame insluit, soos deur die [Rektor](#) bepaal, ondersoek en aanbeveel word.
-

ADDENDUM A

WOORDOMSKRYWING

In hierdie beleid, tensy die samehang van die woorde uitdruklik die teendeel aandui of daarmee strydig is, geld die volgende:

"Fasiliteit" beteken sonder enige beperking die volgende: telefone (landlyn, mobiele telefone en stemposdiens); elektroniese posdiens; faksimileemasjiene en modems; rekenaars en netwerktoerusting en -toepassings (met inbegrip van Internettoegangsfasiliteite en Weblesers) wat aan die [Universiteit](#) behoort, deur die [Universiteit](#) bedryf of verskaf word, of waarvan toegang deur die [Universiteit](#) beheer word, en **"Fasiliteite"** sal 'n dienoooreenkomstige betekenis hê;

"Gebruiker" beteken enige persoon wat as gebruiker van die [Universiteit](#) se [Fasiliteite](#) geregistreer is of andersins die [Fasiliteite](#) van die Universiteit van Stellenbosch gebruik, met inbegrip van werknemers, kontrakwerkers, onafhanklike kontrakteurs, tydelike aanstellings, besoekende en gesekondeerde personeel, studente en alumni, en **"Gebruikers"** sal 'n dienoooreenkomstige betekenis hê;

"IT-verteenwoordiger" beteken die Senior Direkteur: Informasietegnologie, Universiteit van Stellenbosch, of sy of haar genomineerde;

"Kommunikasie" sal dieselfde betekenis hê as **"Kommunikasie"** soos gedefinieer in die [Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasies en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting \(Wet No. 70 van 2002\)](#), en soos op die [Universiteit](#) se [Fasiliteite](#) van toepassing mag wees, insluitende gestoorde kommunikasies en data, en **"Kommunikasies"** sal 'n dienoooreenkomstige betekenis hê;

"Kommunikasie-verwante Inligting" sal dieselfde betekenis hê as **"Kommunikasie-verwante Inligting"** soos gedefinieer in die [Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasies en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting \(Wet No. 70 van 2002\)](#);

"Nagaan" beteken dieselfde as **"Onderskepping"**, en **"Nagegaan"** of **"Na te gaan"** sal 'n dienoooreenkomstige betekenis hê;

"Onderskepping" het dieselfde betekenis as "onderskepping" soos gedefinieer in die [Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasies en Verstrekking van Kommunikasieverwante Inligting \(Wet No. 70 van 2002\)](#); en "**Onderskep**" sal 'n dienooreenkomstige betekenis hê;

"Rektor" is die Rektor en Visekanselier van die Universiteit van Stellenbosch;

"Regsadviseur" beteken die Hoof: Regsdienste, Universiteit van Stellenbosch, of sy of haar genomineerde;

"Skriftelike toestemming" beteken ook toestemming wat elektronies uitgereik word;

"Universiteit" beteken die Universiteit van Stellenbosch, en

"Weier" beteken die stelselgedrewe terugstuur van 'n [Kommunikasie](#) na die sender sonder dat dit aan die bedoelde ontvanger beskikbaar gestel of aangestuur word; en "**Weiering**" sal 'n dienooreenkomstige betekenis hê.

ADDENDUM B

AANHALINGS UIT WETGEWING

1. **Artikel 14(d) van die [Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No. 108 van 1996](#):**

*"14. Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat –
(d) daar nie op die privaatheid van hul kommunikasies inbreuk gemaak word nie."*

2. **Artikel 36 van die [Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No. 108 van 1996](#):**

"36. Beperking van regte

(1) Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van-

(a) die aard van die reg;

(b) die belangrikheid van die doel van die beperking;

(c) die aard en omvang van die beperking;

(d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en

(e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.

(2) Behalwe soos in subartikel (1) of in enige ander bepaling van die Grondwet bepaal, mag geen regsvoorskrif enige reg wat in die Handves van Regte verskans is, beperk nie."

3. **Definisies in terme van die [Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasies en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting, Wet No. 70 van 2002](#)**

"kommunikasie" beteken 'n regstreekse sowel as 'n onregstreekse kommunikasie;

"kommunikasie-verwante inligting" beteken enige inligting met betrekking tot 'n onregstreekse kommunikasie wat in die rekords van 'n telekommunikasiediensverskaffer beskikbaar is, en ook oorskakeling-, skakeling- of seininligting wat die oorsprong, bestemming, beëindiging, duur, en toerusting gebruik ten opsigte van elke onregstreekse kommunikasie genereer of ontvang deur 'n kliënt of gebruiker van enige toerusting, fasiliteit of diens deur so 'n telekommunikasiediensverskaffer verskaf, identifiseer en, waar van toepassing, die posisie van die gebruiker binne die telekommunikasiestelsel;

"onderskep" beteken die deur middel van gehoor of ander verkryging van die inhoud van enige kommunikasie deur die gebruik van enige middel, met inbegrip van 'n onderskeppingstoestel, ten einde sommige van of die hele inhoud van 'n kommunikasie beskikbaar te maak aan iemand anders as die sender of ontvanger of bedoelde ontvanger van daardie kommunikasie, en ook die-

- (a) meeluistering na so 'n kommunikasie deur middel van 'n meelulistertoestel;
- (b) besigtiging, ondersoeking of inspektering van die inhoud van enige onregstreekse kommunikasie; en
- (c) afwending van enige onregstreekse kommunikasie van sy bedoelde bestemming na enige ander bestemming,

en het **"onderskepping"** 'n ooreenstemmende betekenis;

4. **Artikels 4, 5 & 6 van die [Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasies en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting, Wet No. 70 van 2002](#)**

"4 Onderskepping van kommunikasie deur party by kommunikasie

(1) *Enigiemand, behalwe 'n wetstoepassingsbeampte, kan enige kommunikasie onderskep indien hy of sy 'n party is by die kommunikasie, tensy sodanige kommunikasie deur so iemand onderskep word vir die doeleindes van die pleging van 'n misdryf.*

(2) *Enige wetstoepassingsbeampte kan enige kommunikasie onderskep indien hy of sy-*

(a) 'n party is by die kommunikasie; en

(b) tevrede is dat daar redelike gronde is om te glo dat die onderskepping van die kommunikasie van 'n ander party by die kommunikasie nodig is op 'n grond bedoel in artikel 16 (5) (a),

tensy sodanige kommunikasie deur sodanige wetstoepassingsbeampte onderskep word vir die doeleindes van die pleging van 'n misdryf.

5 Onderskepping van kommunikasie met toestemming van party by kommunikasie

(1) Enigiemand, behalwe 'n wetstoepassingsbeampte, kan enige kommunikasie onderskep indien een van die partye by die kommunikasie vooraf skriftelike toestemming tot sodanige onderskepping gegee het, tensy sodanige kommunikasie deur sodanige persoon onderskep word vir die doeleindes van die pleging van 'n misdryf.

6 Onderskepping van onregstreekse kommunikasie in verband met dryf van besigheid

(1) Enigiemand kan, in die loop van die dryf van enige besigheid, enige onregstreekse kommunikasie onderskep-

(a) deur middel waarvan 'n transaksie aangegaan word in die loop van daardie besigheid;

(b) wat andersins op daardie besigheid betrekking het; of

(c) wat andersins plaasvind in die loop van die dryf van daardie besigheid,

in die loop van sy versending oor 'n telekommunikasiesstelsel.

(2) Iemand kan slegs 'n onregstreekse kommunikasie ingevolge subartikel (1) onderskep-

(a) indien sodanige onderskepping gedoen word deur, of met die uitdruklike of stilswyende toestemming van, die stelselbeheerder;

(b) vir die doeleindes van-

(i) meeluistering na of hou van 'n rekord van onregstreekse kommunikasies-

(aa) ten einde die bestaan van feite vas te stel;

- (bb) *vir die doeleindes van ondersoek of opsporing van die ongemagtigde gebruik van daardie telekommunikasiesstelsel; of*
- (cc) *waar dit onderneem word om die effektiewe werking van die stelsel te verseker, of as 'n inherente deel daarvan; of*
- (ii) *meeluistering na onregstreekse kommunikasies van 'n vertroulike stem-telefonie berading of ondersteuningsdiens wat gratis is, behalwe vir die koste, as daar is, van 'n telefoonoproep, en op so 'n wyse bedryf dat gebruikers daarvan anoniem kan bly indien hulle aldus verkies;*
- (c) *indien die betrokke telekommunikasiesstelsel verskaf word vir die hele of gedeeltelike gebruik in verband met daardie besigheid; en*
- (d) *indien die stelselbeheerder alle redelike pogings aangewend het om iemand wat die betrokke telekommunikasiesstelsel wil gebruik, vooraf in kennis te stel dat onregstreekse kommunikasies wat deur middel daarvan versend word, onderskep kan word of indien sodanige onregstreekse kommunikasie onderskep word met die uitdruklike of stilswyende toestemming van die persoon wat daardie telekommunikasiesstelsel gebruik.”*